**South African Medical Journal : Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde**

EDITORIAL : VAN DIE REDAKSIE

## WORLD HEALTH DAY

The World Health Organization has a special World Health Day each year. On 7 April 1959, when its theme is to be 'Mental Illness and Mental Health in the World Today', all who are interested will have an opportunity to take an active part in the organization of public meetings, special short conferences, planning sessions, etc. in their own communities.

In notifying this theme, the letter sent from the Director-General of WHO to its member Governments says: 'Mental illness and the maintenance of mental health raise problems of varied importance and degree in different parts of the world. Very few countries, whatever their stage of economic development, do not have cause to be seriously concerned with the manifold aspects of this whole subject, which in some has even become sufficiently serious to constitute one of the foremost public health responsibilities . . .

'It is my hope that the choice of this theme for World Health Day 1959 will provide the member states with a valuable opportunity to awaken public opinion concerning the existing or impending threat from a further increase in mental ill-health, to spread information on the nature and causes of psychiatric and psychosomatic disorders and to gain support for the measures which are urgently required in order to prevent mental illness and promote mental health . . .

'I am sure that once again we can count on the cooperation of members and associate members in observing World Health Day not only as an occasion for enlightening their peoples on health matters but also as an affirmation of the unity of our efforts for a healthier world.'

Through the medium of our *Journal* we, too, wish to participate in this appeal. We have on various occasions in the past[1,2] drawn attention to the unsatisfactory state of the Mental Health Services in our country. We do not, however, intend to maintain a negative attitude. We have now requested a number of well-known psychiatrists to take part in a symposium on the possibility of establishing facilities for the treatment of persons suffering from neurotic conditions or from the milder forms of mental disturbance.

In the approach to so comprehensive a problem as that of providing satisfactory mental health services, one must at some point make a definite and positive start. We feel that the discussions which we publish in this issue on the facilities for treatment of the milder forms of mental aberration indicate a possible point of departure.

In this important cause we must enlist the cooperation of the Medical Association as a whole. May we, therefore, repeat the plea made on a previous occasion:[2] 'The duty falls on the medical profession, with its great responsibility to the people it serves, to call immediately for a Commission of Enquiry to investigate the state of psychiatric services at the present time on a truly national basis, and to have included in the terms of reference of such a Commission not only repair of our present failing facilities, but also planning for more adequate services in the future.'

1. Van die Redaksie (1958): S. Afr. Med. J., 32, 652.
2. Editorial (1958): *Ibid.*, 32, 996.

## WÊRELD-GESONDHEIDSDAG

Die Wêreld-gesondheidsorganisasie reël elke jaar 'n spesiale Wêreld-gesondheidsdag. Die tema vir hierdie dag, op 7 April 1959, sal wees: ,Geestessiekte en Geestesgesondheid in die Wêreld van Vandag.' Die Direkteur-Generaal van W.G.O. sê in sy brief aan lederegerings, waarin hy die tema en die dag aankondig: ,Geestessiekte en die behoud van geestesgesondheid stel ons voor 'n probleem wat verskil in belangrikheid en graad in verskillende dele van die wêreld. Daar is baie min lande, wat hul stadium van ontwikkeling ook al mag wees, wat nie rede het om ernstig begaan te wees oor die veelvuldige aspekte van hierdie probleem nie. . .

,Ek hoop dat die keuse van hierdie onderwerp vir die Wêreld-gesondheidsdag in 1959 ledestate 'n goeie kans sal gee om die openbare mening op te wek oor die bestaande dreigende gevare van verdere verswakking van die algemene geestesgesondheidstoestand, en ook om kennis oor die aard en oorsake van psigiatriese en psigosomatiese versteurings te versprei . . .

,Ek is seker dat ons weereens sal kan reken op lede en medelede om die Wêreld-gesondheidsdag nie net te beskou as 'n inligtingsgeleentheid oor gesondheidsake nie, maar ook as 'n geleentheid tot positiewe stelling van die eenheid van ons strewe om 'n gesonder wêreld te bereik.'

Deur middel van ons *Tydskrif* wil ons ook graag aan hierdie oproep meedoen. Ons het reeds by verskillende geleenthede in die verlede[1,2] geskryf oor die onbevredigende toestand van geestesgesondheidsdienste in ons land. Ons bedoeling is egter nie om steeds negatief op te tree nie. Daarom het ons nou 'n aantal vooraanstaande psigiaters gevra om deel te neem aan 'n simposium oor die moontlike daarstelling van fasiliteite vir die behandeling van persone wat aan die een of ander van die neurotiese toestande lei of aan die ligtere grade van geestesversteuring.

By 'n probleem wat so 'n groot omvang het, soos die probleem van bevredigende geestesgesondheidsdienste, moet 'n mens êrens 'n definitiewe en positiewe begin kan maak. Ons voel dat die samesprekings wat ons in hierdie uitgawe plaas oor fasiliteite vir die behandeling van ligtere vorms van geestesafwyking, so 'n beginplek aandui.

Die samewerking van die hele Mediese Vereniging vir hierdie groot saak word gevra. Laat ons dus weer herhaal wat ons vroeër gesê het:[2] ,Dit is die plig van die mediese professie, wat so 'n groot verantwoordelikheid het teenoor die mense wat hy dien, om dadelik te versoek dat 'n kommissie van ondersoek aangestel sal word om die huidige toestand van psigiatriese dienste op 'n nasionale grondslag te ondersoek en om toe te sien dat die opdrag van so 'n kommissie nie net herstel van ontoereikende dienste insluit nie, maar ook beplanning vir meer bevredigende dienste in die toekoms.'

1. Van die Redaksie (1958): S. Afr. T. Geneesk., 32, 652.
2. Editorial (1958): *Ibid.*, 32, 996.